

Dinsdag 5 Maart

Skrifgedeelte: Josua 4:1-11; 19-24	Fokusgedeelte: Josua 4:24
---	----------------------------------

Dink aan die Here en dien Hom

'n Monument is 'n struktuur wat gebou word om 'n persoon of gebeurtenis te onthou. In Josua 4 lees ons van 'n monument wat opgerig word om die daad van die Here te onthou. Op dieselfde manier as wat die Israëliete jare gelede die Rietsee oorgesteek het tydens die uittog uit Egipte, steek die nuwe geslag Israëliete nou die Jordaanrivier oor om die Beloofde Land in besit te neem. Aan die voerpunt van beide die uittog uit Egipte en hulle intrek in die Beloofde Land staan die verbondsark van die Here – 'n teken van die teenwoordigheid van die Here!

In opdrag van Josua moet die monument, wat bestaan uit 12 klippe, die volk herinner aan wat die Here gedoen het. Hy het sy belofte gestand gedoen en gee die Beloofde Land aan hulle. Daar is egter nóg twee sake waaraan die monument hulle moet herinner. Al die volke van die aarde moet besef dat die mag van die Here groot is, en hulle moet die Here hulle God altyd dien. Die 1933 Afrikaanse vertaling van die Bybel het vertaal dat die “hand van die Here sterk is” en dat hulle die Here hulle God “altyd mag vrees”.

Die sterk hand van die Here het te doen met sy beskerming en sy almagtige daad. Die vrees van die Here het te doen met 'n opregte en gehoorsame lewe voor die Here en respek vir Hom.

Ons het as monument vandag een groot klip wat weggerol is voor die graf van Jesus Christus. Hy het opgestaan en vir ons sonde betaal. Die boodskap is nog steeds dieselfde: Onthou die magtige daad en beskerming van die Here, lewe opreg en gehoorsaam Hom. Die Heilige Gees herinner ons om niks hiervan te vergeet nie.

Sing: Psalm 139-1:1, 9

Dr. J Lion-Cachet (Jan) (Klerksdorp)